

PJ Kriel

08.12.2019

Inhoud Hierdie preek wys hoe die moderne Christelikheid se godsbedryf werk: dit maak van God, wie God is en die aanbidding van God handelitems. Geestelikes bedryf vandag God, wie Hy is, wat Hy doen en wat Hy het, as handelsitem in hulle godsbedryf. In hulle heiligdomme kan jy met God ruilhandel bedryf – jy gee wat jy het vir God en Hy gee in ruil daarvoor wat Hy het vir jou. Hierteenoor het Jesus Christus 'n handelsvrye diens en toewyding aan God kom skep deur sy lyding en opstanding waar daar geen ruiltransaksies met God, oor God en wie Hy is en het nie. Christus bewerk en gee alles wat ons God handelsvry laat aanbid – aanbid omdat ons sy heerlikheid as God sien in die genade en waarheid van wie Christus vir ons is.

1. Lied 334:1, 2, 3, 4

Skriflesing: Joh. 1: 14, 16. Joh. 2: 13-25

“Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy, as die Enigste Seun, van die Vader het, vol genade en waarheid. ... Uit sy oorvloed het ons almal genade op genade ontvang.”

“¹³ En die Pasma van die Jode was naby, en Jesus het opgegaan na Jerusalem.

¹⁴ En Hy het in die tempel gevind die wat beeste en skape en duiwe verkoop, en die geldwisselaars wat daar sit. ¹⁵ En Hy het 'n sweep van toutjies gemaak en almal uit die tempel uitgedrywe, ook die skape en die beeste, en die kleingeld van die wisselaars het Hy uitgegooi en hulle tafels omgekeer. ¹⁶ En vir die duiweverkopers het Hy gesê: Neem daardie dinge hier weg; moenie die huis van my Vader 'n handelshuis maak nie. ¹⁷ En sy dissipels het onthou dat daar geskrywe is: Die ywer vir u huis het my verteer. ¹⁸ Toe antwoord die Jode en sê vir Hom: Watter teken toon U aan ons, dat U hierdie dinge doen? ¹⁹ Jesus antwoord en sê vir hulle: Breek hierdie tempel af, en in drie dae sal Ek dit oprig. ²⁰ En die Jode sê: Ses-en-veertig jaar lank is aan hierdie tempel gebou, en U, sal U dit in drie dae oprig? ²¹ Maar Hy het oor die tempel van sy liggaam gespreek. ²² En toe Hy opgestaan het uit die dode, het sy dissipels onthou dat Hy dit vir hulle gesê het; en hulle het die Skrif geglo en die woord wat Jesus gespreek het. ²³ En toe Hy in Jerusalem was op die Pasma gedurende die fees, het baie in sy Naam geglo, omdat hulle die tekens gesien het wat Hy doen. ²⁴ Maar Jesus self het Hom aan hulle nie toevertrou nie, omdat Hy almal geken het ²⁵ en omdat Hy nie nodig gehad het dat iemand van die mens sou getuig nie; want Hy self het geweet wat in die mens is.”

2. Lied 325: 1 en 2.

PJ Kriel

28.12.2014

Skriflesing: Johannes 1: 14, 2: 13-21

**Teks: Joh. 1: 14 en 2:19: “Die Woord het mens geword en onder ons kom woon.”
“Breek hierdie tempel af en in drie dae sal Ek hom oprig.”**

Tema: Christus skep deur sy lyding en opstanding, handelvrre aanbidding

1. 'n Mens moet altyd die twee sinne Joh. 1: 14 en 2: 19 altyd saam lees: Christus is die nuwe tempel, daarom breek Hy die Ou Tempel af! Christus wat mens word, vir ons ly en sterf, en onder ons woon, is hoe God met ons is en ons Hom aanbid. Só is Christus ons werklike tempel. Daarom breek Hy die tempel van die Jode af en beëindig Hy die tempelbedryf van die Jode.

In een sin som die apostel Johannes die volledige betekenis van die evangelie en Kersfees aan in Joh. 1: 1 tot 17: “Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. .. ons het sy heerlijkheid gesien, vol genade en waarheid.” (1: 14)

Hy doen nog iets besonders in sy evangelieververtelling. Hy vat die tempelontwrigting deur Jesus, wat met die Paasfees van die Here se lyding en dood gebeur het, en plaas dit aan die begin van sy evangelieververtelling. Daarmee wys hy dat alles waarvoor Jesus as die Woord mens geword het, om God vol genade en waarheid te wees, duidelik openbaar word in Jesus se tempelontwrigting.

So word die betekenis van Kersfees, Christus se geboorte, in die tempelreiniging openbaar. Dit gaan oor geskenke, nie besigheid nie.

Ons vier Kersfees as die tyd van gee van geskenke! 'n Mens kan jou teen die verkoopsbedryf van Kersfees blindstaar en sinies raak daaroor, maar dit neem nie die betekenis weg dat dit vir ons 'n tyd is wat ons wil vier deur geskenke vir mekaar te gee nie.

Wat beteken dit om geskenke vir mekaar te gee?

Dit beteken juis dat ons nie met mekaar besigheid wil doen nie. Ons is nie besig met ruilhandel nie. Elkeen gee 'n geskenk wat hy graag vir die ander wil gee, net om 'n geskenk te wees. Geskenke gee is juis nie maar net nog 'n manier waarop ons met mekaar besigheid doen nie.

2. Dit was die goddeloosheid en afgodsdienste by die Joodse tempel wat Jesus aan die kaak stel met sy simboliese ontwrigting om die geldtafels om te gooi en die vee uit te jaag!

Die kerk is net nog 'n geldmaaksentrum! Godsdienste is niks anders as maar net nog 'n besigheid nie!

Dit is die eerste indruk wat Jesus se woede by die tempel by mense skep. Hy is kwaad oor die geldmakery op die tempelterrein! Dit kan maklik lyk na die rede waarom Hy die diere uit die tempel uitjaag en die geldwisselaars se tafels omkeer.

Sien 'n mens die Here se optrede só, dan lyk dit asof die sonde wat Hy ontstel gaan oor geldmakery by die tempel, en dan is dit van toepassing op handeldryf of wins wat by die kerkgebou of op kerkterreine gemaak word. Vandag toegepas sou dit iets beteken soos ons mag nie in die kerksaal basaaritems verkoop nie!

3. Maar dit is nie die sonde wat die Here hier openbaar nie. Die saak gaan nie oor geldmakery by die kerk of die inkry van fondse deur die kerk nie.

Dit sien 'n mens eerstens as jy in ag neem dat die verkoop van diere by die tempel nie plaasgevind het in die plek van aanbidding nie, maar op dit wat ons vandag kan noem die tempelplein. In ons verwysing is dit amper soos op die kerkterrein, nie in die kerkgebou waar aanbid word self nie.

Tweedens moet ons in ag neem dat die verkoop van beeste, skape en duiwe buite die plek van aanbidding, noodsaaklik was vir die aanbidding wat binne-in die tempel gebeur het: die bring van offers aan God.

Derdens was dit net 'n praktiese reëling. Die Jode het van dwarsoor die wêreld na die tempel in Jerusalem gekom. Dit sien 'n mens uit die beskrywing van wie by die tempel met die uitstorting van die Heilige Gees in Handeling 2 was: Jode van sover as van Iran en Irak in die Ooste van die Romeinse Ryk, vanuit die gebied Turkye, Saoedi Arabië, Libië en Egipte in Afrika, en vanuit Italië!

Dit was in effek net onmoontlik om 'n bees of skape vanuit hierdie gebiede aan te jaag tot by die tempel in Jerusalem. Hierdie offerdiere sou uitgeput en as swak offers by die tempel aangekom het. Daarom is die offerdiere in die voorhof van die tempel, of tempelplein, vir al hierdie Jode beskikbaar gestel.

Vierdens was geldwisseling nodig gewees! Vanuit al hierdie gebiede het hulle met Romeinse geld gekom waarop die keiser as God uitgebeeld is. Hulle wou in gehoorsaamheid aan die Tien Geboie nie afgodsbeelde in die tempel toelaat nie. Daarom het hulle hierdie geld met die afgodsbeeld van die keiser op verwissel met Joodse geld sonder afgodsbeelde op.

4. Dit is ook 'n wanindruk dat wat die Here kwaad gemaak het, die geldelike uitbuiting in hierdie verkoop van offerdiere en verwisseling van Romeinse na Joodse geldeenhede was, so asof hulle onregmatige winste daardeur sou gemaak het.

Die Here is nie kwaad oor die winste wat hulle op hierdie bedryf gemaak het nie. Hy stop nie met sy optrede die bedrywighede buite die plek van aanbidding nie. Hy stop die offerbedryf binne die heiligdom self. Hy stop die wyse waarop die Jode met aanbidding binne die tempel besig was met offers. Daarmee stop die Here hulle in dit wat hulle besig was om God in die tempel doen, nie soseer met wat hulle besig was om met geld buite die tempel te doen nie.

Aanbidding as besigheid met God, handeldryf met God, was die werklike bedrog wat van die Vader se huis 'n besigheidsplek gemaak het. Dit het van die Vader se huis van aanbidding 'n besigheidsplek met God gemaak.

Met hierdie simboliese ontwrigting openbaar die Here dat na sy se lyding, sterwe en opstanding, mense nie meer met God kan besigheid doen met offers deur priesters nie. Na sy lyding en opstanding gaan mense God handelsvry aanbid en nie met Hom besigheid doen met offers nie.

5. Christus se teenwoordigheid stop mense se besigheid, hulle offerhandel met God! Dit gaan nie oor wat hulle met 'n plek of op 'n spesifieke plek doen nie. Dit gaan oor wat hulle met God in hierdie plek doen.

Met “huis van Vader” word bedoel God self as tuiste vir sy kinders in sy liefde en trou. Dit is die werklike openbaring wat in die Here se simboliese ontwrigting van die tempelbedryf plaasvind – van God self as tuiste vir sy kinders, van sy liefde, sorg, trou, genade, bewaring en barmhartigheid, het die Jode 'n besigheid, 'n handelsbedryf gemaak.

Daarmee wys die Here dat Hy, Jesus Christus, is God wie vir sondears 'n tuiste is. Hy is die Woord wat mens geword en onder ons kom woon het. Jesus wat as God mens word en onder ons kom woon, maak 'n einde aan wat die Jode, en saam met die Jode alle offerkultusse, met God in hulle tempels doen – besigheid!

So pas Joh. 1: 14 en 2: 19 bymekaar! ¹⁴*Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid.*” Die “tempel” is nou Christus wat onder ons woon, sy lyding is “die afbreek van die tempel”, omdat Hy die offerlam is wat alle offers afskaf en sy opstanding uit die dood is die “oprig van die tempel in drie dae”.

Christus ons deel maak van 'n handelvrye aanbidding van God waar daar geen offerbedryf meer is nie.

6. Dit was sedert die bou van die tempel in Jerusalem elke keer wat die Jode met God in die tempel gedoen het: aanbidding van God is omskep in 'n godsbedryf: besigheid met God!

'n Godsbedryf waar mense met God self oor God handeldryf: mense gee vir God wat Hy wil hê, en God gee dan vir mense wat hulle by en van God wil hê: ruilhandel met God oor God, binne die heilige van die tempel waar God aanbid moet word.

Elke profeet van die Ou Testament het hierdie ruilhandelbedryf met God in die tempel aangespreek. In Psalm 50 word hierdie handelsbedryf met God teenoor handelvrye aanbidding van God, deur die Psalmskrywer só gestel:

⁷*“Luister, my volk, Ek wil my saak stel, Ek wil teen jou getuig, Israel. Ek is God, Ek is jou God!* ⁸*Dit is nie omdat jy nie offer dat Ek rekenskap van jou eis nie; jou brandoffers is immers gedurig voor My.* ⁹*Ek wil geen jong bul uit jou stal hê of bokke uit jou krale nie,* ¹⁰*want al die diere in die bos is Myne, die wild op duisende berge.* ¹¹*Ek ken al die voëls van die berge; al wat roer op die veld, is Myne.* ¹²*Ek sou jou nie vra as Ek honger sou kry nie, want die aarde en alles wat daarop is, behoort aan My.* ¹³*Eet Ek miskien die vleis van die bulle wat julle offer, of drink Ek die bloed van bokke?* ¹⁴*Lof is die offer wat jy aan God moet bring. Betaal jou geloftes aan die Allerhoogste.* ¹⁵*Roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp en jy sal My eer.*”

Jesus is die Christus wie die Jode in hierdie konfrontasie met God bring. In sy lyding en opstanding word hulle offerbedryf as besigheid met God aangespreek. Wanneer Mense vir God gee wat Hy nodig het sodat God weer vir hulle gee wat hulle van Hom nodig het, het aanbidding ruilhandel, besigheid met God geword.

Dit is mos hoe besigheid werk! Ek gee in ruil vir wat die ander gee! Dit is presies wat tussen God en mense in die tempel gebeur – besigheid! Hierdie besigheid met God in sy tempel, is die godsbedryf van geestelikes waar:

- Jy God se vergifnis van sonde kry in ruilhandel vir die offers wat jy vir God gee.
- Jy God se versoening kry, sy liefde, genade, goedheid en sorg in die ruilhandel vir die offers wat jy vir God gee.
- Jy God se sorg, seën en bewaring kry in die ruilhandel vir die offers wat jy vir God gee.
- Jy God se goddelike krag, Naam, eer en lewe kry in sy tempel waar Hy self is, in ruilhandel vir dit wat jy van jouself aan God oorgee.

Dit is wat in die godsbedryf plaasvind: handel met God in dit wie en wat God is. Dit is die hart van alle offerbedrywe: God sal gee as jy gee, en jy moet gee sodat God kan gee.

7. Moenie die huis van my Vader, 'n handelshuis maak nie! Moenie met God kom besigheid doen nie, kom aanbid God! Dit is wat Christus met sy tempelontwrigting aankondig!

Christus kom maak nie die aanbidding in die tempel rein, skoon en reg nie. Hy kom breek hierdie geestelike bedryf met God. Christus kom nie om die tempelbedryf weer kragtig te maak nie. Hy stop en skaf hierdie geestelike bedryf met God in die tempel af.

Wanneer Christus vir die Jode sê: “Breek hierdie tempel af ... ” verwys dit na hoe Hy deur sy een offer, Homself, alle offerbedrywe met God afskaf. Christus beëindig die tempel en offers as seremonies wat na die groot verlossingsdade van God, en God se teenwoordigheid by sy volk heenwys, en Hy vernietig die geestelike handeldryf met en van God waarmee die Jode in die tempel en met die offers besig was.

Dit wys Johannes deur saam met die aankondiging dat “Die Woord mens geword het en ons ons kom woon het”, die aankondiging van Johannes die Doper te stel: “*Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!*” (Joh. 1:29)

Jesus Christus vernietig die tempelbedryf en beëindig die tempeldiens deur self die offer vir alle sonde van elke sondaar te wees. Jesus se lyding is alles wat God van sondaars vir hulle sonde wou hê.

Jesus rig self die nuwe tempel op: in sy opstanding is Hy alles wat God van mense wil hê. Christus gee alles vir God vir sonde, en vir die liefde en diens wat God van mense verwag.

8. Daarmee skep die Here handelvrye aanbidding van Hom as Here. Dit gebeur in Johannes 20 met Tomas as hy, met die sekerheid dat Jesus wat gely het, uit die dood uit opgestaan het, Christus só handelsvry aanbid:

“²⁷Daarna sê Hy vir Tomas: “Bring jou vinger hier en kyk na my hande; en bring jou hand en steek hom in my sy; en moenie langer ongelowig wees nie, maar wees gelowig.”²⁸En Tomas sê vir Hom: “My Here en my God!”

In Johannes 20 stel die apostel dit só: *“²² En toe Hy opgestaan het uit die dode, het sy dissipels onthou dat Hy dit vir hulle gesê het; en hulle het die Skrif geglo en die woord wat Jesus gespreek het.”*

Wie Jesus as die Christus vertrou wat God is, wat mens geword het en onder ons kom woon het, God met ons is wat ons tuis met Hom as God laat wees in sy liefde, deur sy lyding en opstanding, aanbid Hom handelsvry!

Want hulle glo dat alles wat as offer gegee moes word, het Hy gegee. Wie Christus in hierdie geloof as Here en God aanroep, gee nooit enige offer vir God nie. Gee God nooit weer iets vir Hom om iets by Hom te kry nie. Wat gegee en ontvang moet word, het in Christus volkome gebeur.

Wie in Christus glo, aanbid Hom handelsvry soos die Here dit eis in Psalm 50: lof sonder enige ruilhandel met en van God, eer en dank, sonder enige ruilhandel met en van God. Aanbidding – om die Here te vra vir sy sorg en bewaring en dit te ontvang omdat Hy Vader is, omdat dit is wat God doen, sonder enige ruilhandel met en van God.

Die handelvrye aanbidding van God in liefde wat net liefde vir God is.

9. Dit is die geweldige ironie waarin ons vandag met die Christelike Kerk, en ook binne die NG Kerk, leef: die kerk het net 'n besigheid geword: die kerk is die instelling wat besigheid met God reël, nie hulle wat God handelsvry aanbid nie!

Maar dit is glad nie soos ons dink, net 'n geldmaaksleutel nie. Die kerk het van God die handelaar en handelsitem gemaak – “in die Naam van Jesus.” Van God as Vader, tuiste van liefde, sorg en genade, het die kerk 'n handelbedryf gemaak. Nie in die organisasie of die sosiale lewe van die kerk nie, maar in die heilige van die kerk self – in die aanbidding van God.

- God sal jou vergifnis gee, reën gee, voorspoed, veiligheid en gesondheid gee as jy vir God jou lewe en hart gee.
- God sal vir jou versoening gee, as jy jouself aan God oorgee en jouself vir God offer; jou eie-ek kruisig en jouself niks laat wees nie.

- God sal jou die krag van sy Gees gee, as jy die totale beheer van jou lewe vir God gee.
- God sal sy lewe in jou kom lewe, as jy jou eie lewe aflê en jouself oopstel sodat God sy lewe in jou kan uitleef.
- God sal sy beeld deur jou laat skyn, as jy nie meer jouself is nie en jou eie-ek doodmaak en kruisig.
- God sal jou met sy Gees doop, as jy tot bekering kom.
- God sal vir ons 'n nuwe land en nasie gee as ons onself gee vir sopkombuise, strateskoonmaak en kleuterskole in "townships".

Gee, gee, gee vir God en kry, kry, kry van God – besigheid met God. Dit hoe aanbidding besigheid gemaak word, in die Naam van Jesus!

12. In die naam van watter tipe Jesus?

In die Johannes evangelie is daar twee soorte Christusse: die Christus soos Jesus Homself openbaar as die Woord wat mens en offerlam geword het en die tipe Christus wie die Jode in geglo het.

Die tipe Jesus wat die Jode gesoek het sien 'n mens in die reaksie op sy afskaffing van die tempelbedryf: "met watter teken kan jy bewys dat jy mag doen wat jy doen?" Hulle soek 'n Christus wat hulle godsbedryf die middelpunt wat die hele wêreld sou maak, en die Jode die handelaars in die godsbedryf sou gemaak het: offers aan God vir God se lewe, krag, Naam, sorg, bewaring, vergifnis en versoening.

Ons moet die ander Christus in die evangelie ontdek: die Christus wat die godsbedryf in die heilige van God se teenwoordigheid, vernietig. Die Christus wat die hele offerbedryf as hart van die handelsbedryf met en van God, vernietig. Die Christus wie in sy lyding en opstanding, alles wat God van sondaars wil hê en vir sondaars wil gee, vervul, sonder enige van hulle offerhandelinge, sonder enige van hulle godsbedrywighe.

Die Christus wat aanbidding, handelvrye aanbidding van God maak: lof aan God waarin daar geen ruilhandel met God plaasvind nie, waarin Hy net as God geloof word. Eer en gehoorsaamheid aan God, waarin Hy net geëer en gehoorsaam word, sonder enige ruilhandel met en van God. Diens en aanbidding van God, wat net diens en aanbidding van God is, wat geen offertransaksie of ruilhandel is nie.

Die Christus wat Hom só teenoor alle godsbedrywe en offertransaksies stel: "Breek hierdie tempel af en in drie dae sal Ek hom oprig."

13. Wie Christus só ontdek in die geloof kom tot ware aanbidding!

Kyk hoe word die handelvrye aanbidding van God beskryf vir hulle wie Christus vind! "“Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy, as die Enigste Seun, van die Vader het, vol genade en waarheid.”"

Ons sien God as vol genade en waarheid – en nie as God met wie ons met offers moet besigheid doen nie! Dit is ware aanbidding. Dit is wat Jesus aan die Samaritaanse vrou by die put openbaar: “Glo my Mevrou, daar kom ’n tyd wanneer julle die Vader nie op hierdie berg en ook nie in Jerusalem sal aanbid nie. ... Maar daar kom ’n tyd, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader deur die Gees in waarheid sal aan d. ... God is Gees, en dié wat Hom aanbid, moet Hom deur Gees en waarheid aanbid.” (Joh. 4: 21 – 24)

Tussen die besigheid met God in die tempel in Jerusalem en die besigheid met God in die tempel in Samaria, is daar geen verskil nie. Dit is ruilhandel met God – offers vir God, vir God se goed! Offers vir God se sorg, bewaring, beskerming, vergifnis, krag, mag, liefde en goedheid. Dit word vandag met die spirituele modewoord “blessings” bemark in hierdie geestelike bedryf! Jy moet “worship” om “blessings” te kry. Aanbidding is besigheid met God! Hier sien ’n mens nie die heerlikheid van God, vol genade en waarheid nie. Hier sien ’n mens net besigheid: wat kan ek van God kry wanneer en Hom aanbid.”

Christus het alle tempelbesigheid en offerhandel met God gestop! Nou kan ons God net aanbid! Net sien Hy is vol genade, vol waarheid en Hy gee dit uit sy liefde en goedheid. Daarom gee Hy in die volheid van sy genade en waarheid aan ons genade op genade. Dit is geskenke, nie goed vir besigheid met God nie.

In hierdie gawe kan ons in alles wie God vir ons deur sy skepping en voorsienigheid is, ook handelsvry aanbid! Ek eer Hom as God deur openbare erkenning, omdat Hy God is soos Hy God is. Ek dank Hom as God vir die wyse waarop Hy as God net altyd goed is vir my en sy hele skepping. Ek loof Hom deur Hom die verwondering wat Hy as Skepper in my wek vir Hom te noem. Ek vertrou Hom om God te wees soos ek sy heerlikheid sien – vol genade en waarheid.

So aanbid ons God in Gees en waarheid: in die Gees wie my laat deel in die Een offer vir alle sonde, sodat ek nooit weer met God ’n offerbesigheid kan bedryf nie. Só aanbid ek God in waarheid. Die waarheid dat Hy my insluit in Christus se lyding en opstanding om net weer mens vir God te kan wees.

Kersfees is tyd vir geskenke vir mekaar, nie besigheid met mekaar nie!

Wat Christus ons gee is genade op genade, geskenk op geskenk. Alles wat ons as lof, eer en dank aan God gee is geskenke net soos die wyse manne aan Hom geskenke gegee het – net om aan Hom hulde te kom bewys, nie besigheid te doen om deur aanbidding nuwe mag en krag in die nuwe koninkryk van God te kry nie.

Kom ons aanbid God binne die handelsvryheid wat Jesus Christus vir ons geskep het en eer, dank, loof en prys God weer omdat ons sy heerlikheid sien: Hy woon onder ons in genade en waarheid, en ons aanbid Hom omdat ons sy heerlikheid sien.